

*Ismail Moegamat Kassiem*  
*Hairdresser en Shaving Saloon'*  
Só nog sê die notice  
however  
die winkeltjie is lánkal toegespyker soes 'n doodkis

§

O yes  
*Ismail Moegamat Kassiem* hy wás hie in Distric' Ses  
very much alive  
however  
toe hoor hy daa gan manne kô wat bulldozers kan drive

§

Dja, *Ismail Moegamat Kassiem* hy wás hie in Distric' Ses  
Waa's hy nou, however?  
Pêllie, dáái moet djy ma guess

[Adam Small](#) en Chris Jansen (1973): „OOS WES TUIS BES DISTRIK SES“  
Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.

A selection of poems by [Adam Small](#) transcribed and circulated for study purposes:  
Liberation Processes in pre- and post-colonial Southern Africa (LiPSA)  
[www.benkhumalo-seegelken.de](http://www.benkhumalo-seegelken.de)